

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
3 Februarie 1977

Onderwerp: Bou vir jou 'n ark
Doopdiens

Lees: Génesis 6 verse 9 tot 18
1 Petrus 3 verse 18 tot 22

Teks: Génesis 6 vers 14

Sing: Psalm 33 vers 1
Gesang 93 vers 3
Gesang 94 vers 1
Gesang 76 vers 4

“Broers en Susters, ons lees in 1 Petrus 3 verse 20 en 21 dat die ark, wat Noag in die begin van die mensdom se geskiedenis gebou het, 'n teëbeeld of simbool was van die Doop. Dit prikkel ons nuuskierigheid, want wat kon Noag se ark met die Doop te doen gehad het? Hoe kan hierdie twee dinge met mekaar in verband gebring word? En tog staan daar duidelik in 1 Petrus 3 dat die ark van Noag 'n teëbeeld van die Doop is. Ons sal dit verstaan as ons die gebeure rondom die bou van die ark ondersoek.

“Broers en Susters, die tydgees in Noag se dae was tot 'n groot mate dieselfde as dié waarin ons vandag leef: ‘Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart.’ (Gén 6:5,6)

“Soos blyk uit hierdie Skrifgedeelte, was dit in Noag se tyd die mens se norm om te handel volgens ‘al die versinsels wat hy in sy hart bedink’ het. Dit was dieselfde as die sogenaamde moderne permissiewe gewoontes waarin ons en ons huisgesinne ons bevind. Alles wat die hart versin, is geoorloof en word gedoen. Dit is ook duidelik uit die tyd van Noag, dat hierdie tendens net so 'n meesleurende en hipnotiese invloed op die jeug gehad het as vandag.

“Noag het in benouende omstandighede geleef. Die afmetinge van hierdie boosheid het gestrek oor die ganse mensdom van daardie tyd, net soos vandag.

“Dit laat dikwels die vraag in ons gemoed opkom: Word God geraak deur hierdie boosheid, hierdie

tydgees van ongebonde permissiwiteit? Gaan dit God aan?

“Oor die antwoord hierop is daar geen twyfel nie. Dit het ‘die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart.’ God toon emosie oor die boosheid van die mens. Dit berou Hom dat Hy die mens gemaak het. Dit raak Hom des te meer omdat die mens sy skepsel is, die maaksel van sy Goddelike hande.

“Maar Broers en Susters, ons vind hier diepe deernis in God se hart. Dit is dieselfde deernis, bekommernis en smart wat daar is in die hart van elke ouer wanneer sy kind, sy vlees en bloed, teleurstel en verlore gaan. God staan nie afsydig as ‘n blote toeskouer nie, maar aanskou sy maaksel met smart.

“Maar daar was ‘n uitsondering op daardie verdorwe en permissiewe tydgees: ‘Noag het genade gevind in die oë van die HERE.’ (Gén 6:8) In die oorweldigende boosheid van daardie tyd, was daar één man oor wie se lewe ‘n ‘maar’ geskrywe was. Noag was die uitsondering in daardie gemeenskap.

“Goddank vir die ‘maar’ wat geskrywe staan oor die lewe van elke ouer, seun, dogter en huisgesin wat te midde van die boosheid die uitsondering is.

“Wat was dit in Noag se lewe wat hom so ‘n uitsondering gemaak het teenoor die meesleurende tydgees? Was hy bedeed met bomenslike krag wat hom staande gehou het? Watter eienskappe het hy gehad om ons bewondering af te dwing? Wat was dit in sy lewe? Die antwoord is: Dit was niks vanuit Noag nie, maar was te danke aan die genade van God. Noag se wonderlikste getuigskrif was: ‘Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE.’

“Dank God hiervoor. As Noag self verantwoordelik was vir hierdie uitsondering, kan ons maar hierdie kerkdiens afsluit en tereg in wanhoop sê: Wie is tot hierdie dinge in staat? Wie van ons kan dit regkry om staande te bly uit innerlike krag? Wie kan homself met Noag vergelyk?

“Maar, Broers en Susters, dit het nie gegaan oor Noag se innerlike vermoëns en krag nie. Dit het gegaan oor God se genade, wat ook vir jou en my, swakke mense, beskikbaar is; en dat dit meer as genoeg is.

“Broers en Susters, God soek nie ouers met wonderlike innerlike vermoëns, kragte, wysheid en insigte in hierdie permissiewe eeu nie. God soek ouers wat hulself onder die genade van God stel in volkome

gehoorsaamheid en afhanklikheid. God se opdrag aan jou is ook: 'Maak vir jou 'n ark'. (Gén 6:14)

"Om dit te verstaan, moet ons onself in Noag se posisie probeer indink. Dit kos nie veel verbeelding om te sien hoe die skare van spotters rondom Noag gestaan het nie. Stel jou voor hoe Noag se kennisse hulle koppe bejammerend geskud het by die aanhoor van die hamerslae rondom die ark. Dit moes 'n nuwe tydverdryf en afleiding vir die mense van Noag se tyd gewees het, om te vergader om hom dop te hou. Hy het 'n ark gebou, vêr van die see af. Almal het tog geweet dat dit nog nooit in die mens se geskiedenis soveel gereën het, dat 'n ark nodig was nie. Wat het hulle hom nie alles toegeslinger nie?

"Wat het Noag in staat gestel om vol te hou met sy taak? Wat het hom laat aanhou bou, terwyl alles téén hom was? Hier is die kern van die boodskap van Noag en die bou van die ark. God se Woord onderstreep dit self: 'En sonder geloof is dit onmoontlik om *God* te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek. Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.' (Hebr 11: 6,7)

"Ja, Noag het deur die geloof gebou. Wat vir hom van belang was, was nie die reënval, óf die afstand van die see, óf die grootte van die ark nie. Hy het nie alleen gestaan toe hy deur sy tydgenote bespot was nie. Dit het nie gegaan oor wat hy kon sien nie, maar: 'Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin'. (Hebr 11:7) 'Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.' (Hebr 11:1)

"Noag het die planke van die ark vasgekap met eerbiedige vrees en 'n vaste geloofsvertroue op God, te midde van die spot en teëstand van die gemeenskap om hom. En dit het hy gedoen tot redding van sy huisgesin.

"Liewe Broers en Susters, ons moet ook bou. Deur die Doop bou ons vir ons en ons gesinne 'n ark op bevel van God. Só hou ons vas aan God se verbondsbeloftes, sodat Hy ook ons gesinnetjie kan dra deur die vloedwaters van hierdie permissiewe eeu wat ons so

vrees. Dit is die water wat ons herinner aan die bloed van Jesus Christus was ons sondes afwas.

“God verwag nie dat ons alles moet kan sien, óf dat die oormag van die permissiewe tydgees ons verskrik nie. Al wat God vra, is dat ons sal vashou aan sy verbondsbelofte en sal bou aan die ark, tot redding van ons gesin. Daarom kom sy opdrag ook na jou: ‘Maak vir jou ’n ark’. Dit is jou verhouding met Jesus Christus. Hý is die ark. Vlug na Hom.

“Amen.”